**Graad 8** **Februarie 2012**
**Afrikaans Huistaal** **45 minute**
**Toets 1: Begripstoets** **Totaal 35**

## INSTRUKSIES

1. Hou albei kantlyne skoon. Nommer regs van die linkerkantlyn.
2. Trek ’n kantlyn van ongeveer 1 cm aan die regterkant van jou bladsy.
3. Laat reëls oop tussen antwoorde wat uit sinne bestaan.
4. Trek ’n streep dwarsoor jou bladsy na elke voltooide vraag.
5. Dui die nommer en onderwerp van jou skryfstuk duidelik aan.
6. Skryf netjies en leesbaar met blou of swart ink.

---

## VRAAG EEN: Begripstoets

**Lees die rubriek “Ma-lligheid” geskryf deur Lizz Meiring en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

**Ma-lligheid**
**Deur Lizz Meiring (*Rooi Rose*)**

**1. Ek is nie ’n ma nie, dankie tog. My biologiese klok het nog nooit ingeskop nie. Buitendien lyk die hele mawees-besigheid vir my na emosionele slawerny. Kom ons wees nou maar eerlik, selfs die ma met die oopste kop, die rustigheid vanself, hou nooit op <u>worry</u> nie. Al is jou kinders groot en koppig-selfstandig, jy hou konstant jou hart vas.**

**2. My arme ma moet. Sy’t ’n wilde, Boheemse dogter. Eiesinnig, astrant en individualisties. Ek wonder baie keer of ma’s, al is hulle hoe lief vir hul gebroedsels, nie heimlik wens hulle kon die horlosie terugdraai nie? Dalk ’n beter, gemoedeliker, minder <u>gekompliseerde</u> weergawe van ’n kind bestel nie? Of die bestelling onoopgemaak kon terugstuur nie? Maar sulke vrae durf jy skynbaar nie vra nie. In gesinsverband is dit soos heiligskennis. Ek weet, want ek het probeer. “Sou julle jul kinders wou herbestel as julle kon?” vra ek vriendinne wat prentjieboek- ma’s is.**
**’n Ongemaklike stilte daal neer. En toe ’n vraende kyk op die moederlike gesigte. So asof ek die vraag in Armeens gevra het. <u>Skielik</u> verstaan die vroue wat oë agter hul koppe, radarore en die instink van ’n blinde muskiet het, glad nie wat ek bedoel nie. “My kinders is ’n geskenk,” sis ’n <u>gekrenkte</u> über-ma.” Ja, maar jy wil soms ’n geskenk teruggee, nie waar nie?” waag ek. “Dis nie ’n bottel badolie met ’n kraak in nie,” raas ’n mede-ma. “Hoe durf jy my liefde vir my kinders bevraagteken?” jil ’n ander.**

**3. O, hel. Ek moet die spulletjie kalmeer, anders word ek met ’n pak Huggies en ’n versameling skoolskedules vermoor. Verander my taktiek. Ma’s is hiper-emosionele wesens. “Daar is nie perfekte mense, ook nie perfekte kinders nie, en ons almal wens tog maar vir ons**

**weergawe van perfektheid, nie waar nie?" Dit bring 'n beroering onder die gesinsgemeente. "Jean-Pierre se nukke kom van sy pa af," mor die een. "H'm, Carlétjie het ongelukkig my skoonma se kapknieë geërf," murmureer 'n ander.**
**Aha, ek sien in watter rigting hierdie gesprek draai. Ma's deflekteer, ignoreer, negeer wat hulle nie wil hoor, sien of beantwoord nie. Dis hoe hulle oorleef. Jy moet iewers beheer en blaam oorgee, anders sal jy verdrink in die skuldgevoel en die verantwoordelikheid van ouerwees. "Man, ek's te besig om aan sulke nonsens te dink," hap 'n <u>vreeslike</u> praktiese ma.**

**4. "Oukei. Oukei. Kom ek stel dit so: Wens julle nie dikwels julle kan al die lug uit jul kinders uitblaas, hulle in 'n laai wegpak en uithaal wanneer hulle in 'n gedissiplineerde en ontvanklike bui is nie? En 'n knoppie druk om hul nukke en grille te verander nie?" <u>Die ma's knik in 'n koor</u>. Hul lag en beduie en praat oormekaar, deurmekaar, rond en bont oor hoe baie hulle van dié reëling sal hou. Bestel skoon 'n ronde frozen margaritas om hul <u>fantasie-vryheid</u> te vier. Ek bekyk die spulletjie so selftevrede soos 'n vlieg in 'n suikerpot en onderdruk my <u>triomf</u> oor ek hulle in 'n strik laat loop het. En dit gebeur nie maklik met 'n ma nie. Net toe sake nou goed op vrolike dreef is, gooi ek nog 'n klip in die mawees-bos.**

**5. "En sê nou jul kinders wou julle herbestel? Of soms in 'n laai wegpak, of 'n knoppie druk en jul nukke en grille verander? Daar's immers ook nie perfekte ouers nie." 'n Oorverdowende stilte daal neer. 'n Weerlose stemmetjie <u>klink</u> van agter 'n cocktail-glas op: "Ek doen net my bes."**

**6. Die ander knik hul koppe effe melancholies. "Ek het al dikwels daaroor gewonder," erken über-ma skugter. Dis tyd dat ek, wat niks van mawees weet nie, moet ingryp. Kindwees verstaan ek goed. Ek sit soos die bonsai-weergawe van die pous en spreek my seëning oor hulle uit. "Jul kinders weet hoe onvoorwaardelik jul liefde is, en eendag as hulle grootmense is, gaan hulle die onmeetbare liefde besef, en ook jul bloot menslike foute vergewe."**

**7. Dankie Ma.**

1.1 Gee EEN WOORD uit par 1 wat aandui dat die skrywer voel ma-wees neem 'n vrou se vryheid weg. [1]

1.2 Gee 'n beter woord in Standaardafrikaans vir "worry" in par 1. [1]

1.3 Gee 'n antoniem vir die woord "gekompliseerde" (par 2) soos dit in die leesstuk inpas. [1]

1.4 Haal 'n voorbeeld van **metafoor** aan uit par 2. [1]

1.5 Waarom, dink jy, sou die skrywer sê dat ma's "oë agter hul koppe, radarore en die instink van 'n blinde muskiet" het (par 2)? [2]

1.6 Wat bedoel die skrywer as sy sê: "Die ma's knik in 'n koor" (par 4)? [1]

1.7 Verduidelik hoekom die skrywer die woorde fantasie en vryheid saamvoeg toe sy sê: "Bestel skoon 'n ronde frozen margaritas om hul **fantasie-vryheid** te vier"(par 4). [1]

1.8 Wat beteken dit wanneer iemand **figuurlik** (nie regtig nie) 'n klip in die bos gooi (par 4)? [1]

1.9 Haal 'n vergelyking (twee dinge wat teen mekaar vergelyk word) in paragraaf 4 aan. [1]

1.10 Gee antonieme vir die volgende woorde soos dit in die leesstuk inpas.

1.10.1 skielik (par 2) (1)

1.10.2 vreeslike (par 3) (1) [2]

1.11 Gee 'n sinoniem vir die woord "**triomf**" (par 4) soos dit in die leesstuk gebruik word. [1]

1.12 Maak 'n sin met die homoniem van die woord "klink" (par 5) waarin die betekenis duidelik blyk. [1]

1.13 Haal 'n vergelyking in paragraaf 6 aan. [1]

**/15 /**

---

**VRAAG 2: (BEGRIPSTOETS)**

**Lees die artikel "**Inkopieslawe" **deur Rilette Meyer en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**Op die rand van 'n afgrond**

1. "Ek is 'n tweegesig." Hoewel Rentia Malan* se stelling 'n poging tot die waarheid is, sien sy steeds nie kans om haar gesig te wys nie en "daar's nie eintlik 'n storie nie", terwyl haar gerieflike motor kreun onder die pakkies van haar pas afgelope inkopietog. Rentia is 'n impulskoper. "Vir 'n buitestander sal my lewe seker gerieflik en sonder probleme lyk," het sy met ons eerste ontmoeting versigtig begin, waarna sy die onderhoud onverwags kortgeknip het. Ek was verbaas toe sy twee dae later bel en sê dat sy wél wil voortgaan. Dit blyk dat Rentia feitlik die einde van haar uitgebreide kredietlyn bereik het, en die paniek jaag haar net meer tussen die winkelrakke in. "Ek kon die laaste vyf jaar met vernuf 'n mate van finansiële *juggling* doen," erken sy, en verklap dat sy ingenome gevoel het met haar vindingrykheid. Maar die skrif is aan die muur en Rentia is bevrees sy gaan ontmasker word. "Mario* is 'n goeie eggenoot, maar hy het baie definitiewe idees omtrent die huwelik en 'n vrou se rol daarin, en ek het beslis 'n klomp van ons ooreenkomste oortree – sonder sy medewete." Haar stemtoon is kalm asof sy van die onlangse goeie reën praat.

2. Die volgende oomblik bars sy in trane uit. "Ek leef op die rand van 'n afgrond!" Rentia se skuld beloop sowat 'n halfmiljoen rand. Mario het onlangs begin kyk na vakansie-eiendomme waar sy gesin kan ontspan, en Rentia besef hy gaan binnekort die ware toedrag van hul finansiële sake ontdek. "Mario is 'n doelgerigte man. Hy reis baie en het 'n veeleisende beroep

met lang ure. Ek bestuur ons huislike sake en finansies. Hy word heeldag deur probleme gekonfronteer en verwag ’n rustige omgewing waarin hy kan ontspan wanneer hy tuis kom. Hy voorsien ruimskoots vir ons en verwag dat alles perfek moet wees.” Voor hul huwelik het albei tot die praktiese ooreenkoms ingestem. Haar hare wat volgens die jongste modestyl en -kleur gestileer is, salonnaels en vlekkelose vel getuig van ’n begroting wat vir pamperlang voorsiening maak. “Mario het hoë standaarde en ek moet gereeld aan sy sy wees met onthale,” beduie sy argeloos na haar paar ingevoerde polvye wat prysgewys gewis menige vrou se totale maandelikse inkomste ewenaar. Maar hoe is dit dat Mario nie bewus is van al die oordadige aankope nie? Hy klink soos ’n man wat oplet na detail en hou van dinge soos dit is?

3. “Ek neem nooit al my inkopies huis toe nie,” help sy my reg. Toe haar pakkies te veel word om ongesiens te akkommodeer, het sy ’n pakkamer, ruweg so groot soos ’n motorhuis, gehuur waarin sy haar aankope kan opgaar. “Dis geheel en al privaat. Net ek het ’n sleutel en kan enige tyd sonder enige vrae daar aandoen. Die maandelikse huur is nie te veel nie, en ek het algehele privaatheid.” Sy kikker merkbaar op by die noem van die pakkamer. Maar gebruik sy nie haar aankope nie? ’n Effense blos is sigbaar op haar goed versorgde gelaat. “Ek kan nie eintlik alles onthou wat ek al gekoop het nie. Ek maak nooit die bokse en pakkies oop nie.” Aangesien die meeste mense koop uit nodigheid of die behoefte om iets te besit, moet jy vra “hoekom dan?” “Dit is vir my lekker dat alles daar bymekaar is, waar ek daarna kan kyk. Ek sit op ’n gerieflike leunstoel wat ek spesiaal vir dié doel gekoop het en kyk na die honderde pakkies wat plek-plek tot teen die plafon gestapel is. Dit laat my ‘iets’ voel wat ek nie kan verduidelik nie”. Sy bly ’n oomblik stil terwyl sy nadink. “Ek hoef dit ook nie te verduidelik nie.” ’n Sweempie nukkerigheid is skielik deel van die atmosfeer. Sy begin in alle erns om haar optrede te regverdig en haar onderneming om hulp te soek, klink oortuigend, maar ek kan nie help om te wonder nie ...

4. Maar daar het ’n kilte in die onderhoud ingesluip en sy groet my baie formeler as toe sy by my aangesluit het. Net voor sy in die lushof van ’n duur winkel verdwyn, kyk sy vir ’n laaste keer om na my – en ek bly agter met die beeld van ’n vrou wat goed lyk en sterk voorkom, maar eintlik vreeslik weerloos en eensaam is.

2.1 Beantwoord die volgende vrae in jou eie woorde, asook in volsinne.

2.1.1 Verduidelik in een volsin wat die uitdrukking “tweegesig” (par 1) beteken. (1)

2.1.2 Waarom sal die skrywer ‘n asterisk (sterretjie) langs die name sit? (1)

2.1.3 Gee ’n gepaste woord vir “juggling” (par 1) in Standaardafrikaans. (1) [3]

2.2 Is die volgende stellings WAAR of ONWAAR? Haal uit die teks aan om jou antwoord te motiveer.

2.2.1 Rentia is skaam dat sy soveel goed koop en dit nie gebruik nie. (2)

2.2.2 Die skrywer en Rentia is op ’n baie goeie voet uitmekaar. (2) [4]

2.3 Kies elke keer die korrekte antwoord. Skryf <u>SLEGS die nommer</u> van jou keuse neer.

2.3.1 ***Ruimskoots*** (par 2) beteken ...

A gemaklik
B oorvloedig
C met moeite
D maandeliks (1)

2.3.2 ***Polvye*** (par 2) beteken ...

A platvorms
B jeans (klinknaelbroek)
C diamantoorbelle
D hoëhakskoene (1) [2]

2.4 Benoem die skryfteken in “dié” (par 3) en benoem die funksie daarvan. [1]

**/<u>10</u> /**

---

**VRAAG 3: (Algemene spelling)**

3.1 Kies die regte SPELLING van die woorde tussen hakies. Skryf **<u>SLEGS</u>** die regte woord neer:

3.1.1 Moenie só met die **(burgermeester/burgemeester)** praat nie! (1)
3.1.2 Haar pa is ’n **(ingeneur/ingenieur/ingeneer).** (1)
3.1.3 Ons gaan oormôre **(huistoe/huis toe).** (1)
3.1.4 **(Oppad/op pad)** skool toe het my ma ons nuwe motor gestamp! (1)
3.1.5 **(Herinner/herhinner)** my tog asseblief weer daaraan? (1)
3.1.6 Ons moet meer ons juffrouens **(waardeur/waardeer/wardeer).** (1)
3.1.7 Ons behandel nou baie **(interessante/interesante/interressante)** werk. (1)
3.1.8 My boetie is baie **(irriterend/irreterend/irreterent)**. (1)
3.1.9 My Valentynsroos is **(bloed rooi/bloedrooi).** (1)
3.1.10 Ek wil my **(fotos/foto’s)** op Facebook laai. (1)

[10]

**/<u>10</u>/**

---

**TOTAAL : <u>/35 /</u>**

MEMORANDUM
Graad 8 Afrikaans Huistaal

Vraag 1:

1.1 "slawerny"
1.2 Vrees/om bekommerd te wees.
1.3 Ongekompliseerde/eenvoudige.
1.4 "My kinders is 'n geskenk."
1.5 Ma's het die vermoë om alles te weet, alles uit te vind, alles te hoor – betreffende hulle kinders. (2 punte)
1.6 Al die ma's knik gelyktydig.
1.7 Die woorde "fantasie-vryheid" verwys na die fantasie (vroeër in daardie reël genoem) dat hulle die kinders in 'n laai kan wegpak en net soms kan uithaal.
1.8 Iemand waag dit om iets te sê, om reaksie by ander mense te ontlok.
1.9 "Die spulletjie is so tevrede soos 'n vlieg in 'n suikerpot."
1.10.1 Geleidelik.
1.10.2 Effens.
1.11 Oorwinning.
1.12 Hy klink die bok met een skoot agter die blad.
1.13 "Ek sit soos die bonsai-weergawe van die pous en ..."

Vraag 1 = 15 punte

Vraag 2:

2.1.1 'n Mens is 'n tweegesig wanneer jy oneerlik is en een ding sê, maar dan die teenoorgestelde doen of bedoel.
2.1.2 Sy het die name verander – dit is nie die mense se regte name nie.
2.1.3 voetwerk/goëlery
2.2.1 Waar – "Rentia is bevrees dat sy ontmasker gaan word. OF
"'n Effense blos is sigbaar op haar goed versorgde gelaat." (2 punte)
2.2.2 Onwaar – "... daar het 'n kilte in die onderhoud ingesluip en sy groet my baie formeler as toe sy by my aangesluit het." (2 punte)

2.3.1 B – Oorvloedig.
2.3.2 D – Hoëhakskoene.

2.4 Akuut – ter wille van beklemtoning.

Vraag 2 = 10 punte

Vraag 3

3.1.1 burgemeester
3.1.2 ingenieur
3.1.3 huis toe
3.1.4 op pad
3.1.5 herinner
3.1.6 waardeer
3.1.7 interessante
3.1.8 irriterend
3.1.9 bloedrooi
3.1.10 foto's

Vraag 3 = 10 punte

TOTAAL = **35**